Die Geskenke mark verkoop hoofsaaklik 'n wye verskeidenheid kwaliteit handgemaakte artikels en is gerig op die verkoop van interessante geskenke.

Datum en tye van die mark:	20-30 November 2019 Maandae - Vrydae 10:00 - 19:00 Saterdae 09:00 - 15:00
Uitpak:	19 November (Dinsdag) 14:00 - 19:00
Oppak:	30 November(**Saterdag**) 15:15 - 17:00 **STRENG!!!!!**

KEURING:

Die volgende word as kriteria vir die keuring van produkte gebruik:

- Produkte van hoogstaande gehalte
- Keurige aanbieding
- Billike pryse
- Oorspronklike en kreatiewe produkte
- **'Display'** is baie belangrik, moet kan aandag trek en jou tafel en produkte komplimenteer.

BELANGRIKE INLIGTING:

Registrasiegelde	Voor 1 September 2019
Barcode lys	Voor 1 September 2019

Afhaal van barcodes	Vanaf 14 Oktober 2019 10:00 tot 17:00 Maak asb seker u **barcodes is korrek**. Geen ekstra barcodes of regstellings sal op dag van uitpak gedoen word nie. As jy dit wil gepos hê, stuur asb. vroegtydig jou adres. **Posgelde is vir jou eie onkostes.**
Adres vir afhaal van barcodes	NG Kerk Kenridge 2 Maestricht straat, Kenridge, Bellville
Uitstaller se bankbesonderhede	SLEGS VORMS SOOS AANGESTUUR SAL AANVAAR WORD. Maak seker u bankbesonderhede is ontvang. Betalings sal teen 10 Desember 2019 afgehandel wees.
Uitstalgeld	Vol tafel / Vloerspasie **R600** Halwe tafel **R400** 19% Kommisie
Bankbesonderhede van die Kerk	NG Kerk Kenridge FNB Tjek 62622466458 Takkode 250655

Tafels	Tafels moet ten alle tye **vol** wees! Voorraadvlakke moet tot op die laaste dag van die mark gehandhaafd word. As jou tafel leeg word, sal dit teen jou tel as jy weer aansoek doen. Tafel moet **netjies en aantreklik** wees. Slegs **wit of roomkleurige** tafeldoeke.
Produkte	**Slegs items wat gekeur** is, mag uitgestal word. Produkte se **pryse mag nie** tydens die mark **verhoog of verlaag** word nie. As jou produkte **nie geprys is nie**, sal ons dit nie verkoop nie en dit **verwyder** van jou tafel. Dan sal jy beboet word.
Dienstye	Die mark maak gebruik van ons **eie toesighouers.**

Verkope	Verkope kan op die **internet gemonitor** word. Indien u ‘n uitdruk verlang kan dit tydens oppak aangevra word, **geen uitdrukke na sluit** van die mark sal gedoen word nie.
Aanvul van voorraad	Maandae tot Vrydae 09:00 tot 09:55 Saterdae 08:00 tot 08:55 **GEEN AANVULLINGS TUSSEN 10:00 EN 19:00!!!!!!** (Tensy jy ’n ander reëling met die organiseerder reel. Anders sal jy beboet word.)

U as uitstaller is verantwoordelik vir u tafel en aanvul van voorraad soos tye aangedui. Die mark beskik oor ‘n persoon wat daagliks vanaf 10:00 tot 19:00 u tafel sal aanvul en netjies te pak soos nodig.

Die wins wat tydens die Geskenkemark gemaak word, word aangewend t.o.v. verskillende uitreike waarby N.G. Kenridge betrokke is.

Sterkte, voorspoed en seënwense word u toegewens vir al die voorbereidings tydens die 2019 markseisoen.

Vriendelike Groete
kenridgemark@gmail.com